	Die Voortrekkers Kranskop (GGN) Oord Limpopo	
Kampleier: Tjaart du Plessis 082 655 4765 kranskopvoortrekkers@gmail.com	10 tot 12 Mei 2019	Admin: Elbie Janse van Vuuren 064 653 7253 danie.elbiejansevanvuuren@gmail.com

Oord Limpopo 2019

Die kamp is 'n GGN, dit beteken dat hierdie geleentheid vir die graad 4-7 penkop/drawwertjie as 'n **G**ebieds **G**oedgekeurde **N**aweek sal tel wanneer daar vir Voorslag ingeskryf word.

Inskrywings:
1) Alle Voortrekkers vanaf Gr 1 tot Gr 12 kan inskryf.
2) Staatmakers, Offisiere, Heemrade en Ouers om behulpsaam te wees met algemene take en aanbied van kursusse.

Tydperk: Vrydag 10 Mei 2019 om 15:00 tot Sondag 12 Mei 2019 om 13:00.
Plek: Badseloop NG Jeugkampterrein, Naboomspruit.
Vervoer: Kommando's/ouers moet self vir vervoer voorsiening maak.
Registrasie: Registrasie en inrig 15:00, kamp opening 18:00. **Geen kind mag die kampterrein verlaat, sonder toestemming van Kampleier / Adjunk Kampleier, gedurende die kamp nie.**

Huisvesting:
1) Almal slaap in kamers met 'n bed en matras. Moontlik sal die Graad 6 kinders wat Kampkook doen in eie tente moet slaap.
2) Bring asb 'n enkelbed paslaken saam om oor die matras te trek asook slaapsak, kussing en kombers (dit is al redelik koel die tyd van die jaar).

Algemene inligting:
1) Die volgende inskrywingsdokumentasie word hierby aangeheg:
   a) Vorm "A" vir Inskrywings;
   b) Vorm "B" vir Opsomming van getalle.
   c) Vorm "C" vir Naamlys.

2) Gelde moet deur Kommando's aan die kamp oorbetaal word.

3) **By kansellasie sal die volle kampgeld verbeur word**. Uitruilings sal oorweeg word.

4) Epos alle **opsommings** aan die Kampleier of Admin by bogenoemde adres.

5) 'n Spesiale program word gereël vir die voorskoolse kinders van Offisiere en Ouers.

6) Die gewone kampbenodighede word vereis. Slaapsak, kussing, swemklere, badsakkie, bordesak met plastiese eetgerei, Bybel, sonbrandroom, hoed, genoeg klere, warm klere, denim langbroek, Voortrekker golfhemp met erkenningsbaadjie en hope energie. Indien Graad 6 kinders in tente slaap, moet eie tente

saamgebring word.

7) **Elke groep van 6 kinders moet vergesel wees van ten minste een volwassene. <u>Elke kind moet 'n pakkie koekies met 'n vulsel en 'n rol toiletpapier saambring wat ingehandig word by ontvangs. Volwassenes 'n pak beskuit.</u>**

8) Geen snoepie is op die kamp beskikbaar nie. Moet asb nie sakke vol lekkers inpak vir u kind nie.

9) Neem kennis asb – geen bandjie hempies vir die dogters nie en slegs eenstuk swemklere.

10) Los asb die volgende by die huis: drank, rookgoed, vuurhoutjies, dwelms, selfone, radios en alle ander kosbaarhede. Die kampbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir kosbaarhede wat wegraak nie. Verlore goedere sal slegs vir 4 weke na die kamp gehou word, daarna sal dit gewas en aan 'n welsyns organisasie geskenk word.

11) Volwassenes – Let asb daarop dat daar glad nie voor die kinders gerook mag word nie, ook nie die elektroniese sigarette nie.

12) Benodighede per kursus – Sal aan die kommando's deurgestuur word.

<u>SPESIALISASIES</u>:

GRAAD	**SPESIALISASIE**	**KAMPGELD**
Graad 1	Junior Kok	R350
Graad 2	Waterveiligheid	R350
Graad 3 (Eie fiets moet na kamp geneem word)	Fietsry	R350
Graad 4	Groot Trek	R350
Graad 5	Boeresport	R350
Graad 6	Kampkook	R350
Graad 7	Godsdiens	R350
Verkenners	Boogskiet	R370
Kleuters / Voorskool tot met Graad R	Eie program	R280
Volwassenes	Help by 'n Graad of Kombuis	R300

<u>Sluitingsdatum vir inskrywings</u>: ***23 April 2019.***

Neem asb kennis dat die sluitingsdatum beteken dat die inskrywingsvorms en geld reeds op die dag by die Kampleier/Admin moet wees.

E-pos asseblief jou inskrywings betyds sodat ons jou sertifikaat en kenteken op die kamp kan uitdeel. Bevestig ook met Kampleier of Admin of jou inskrywing wel ontvang is.

Kampgroete

Tjaart du Plessis
Kampleier